# ALGEMENE RAAD

# BESLUITELYS / NOTULE

AGRI NW

**DATUM:** 20 OKTOBER 2021
**TYD:** 09:00

**VOORSITTER:** MNR WILLEM DE CHAVONNES VRUGT

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Ds Johann van Zyl open die vergadering met Skriflesing uit Joh 7:37 en 'n gebed. | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Willem de Chavonnes Vrugt, heet almal welkom by die vergadering. | | |
| **3.** | **ORDEREëLINGS** | | |
| ▪ | 11:00 Koffie / Tee en verversings . | | |
| **4.**<br>**4.1** | **PERSONALIA EN MOSIES**<br>**LEEDMOSIES** | | |
| | Geen. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIES** | | |
| ▪<br>▪<br>▪<br><br>▪<br><br>▪ | Mnr Daan van der Merwe word gelukgewens met sy kleinseun wat hy ryker geword het.<br>Mnr Sakkie van Zyl word gelukgewens met sy seun wat hy ryker geword het.<br>Gelukwense aan mnr Naude Pienaar met die Oorkonde wat hy by Agri SA se Provinsiale Kamer ontvang het vir die hantering van die Droogtehulp.<br>Gelukwewnse aan mnr Willem de Chavonnes Vrugt met sy verkiesing as Voorsitter van Agri SA se Provinsiale Kamer en as lid van Agri SA se Direksie.<br>Agri NW se personeel word gelukgewens met die briljante aanbieding van die Kongres Webi-naar, wat aangebied was. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ▪ | ‘n Mosie van dankbaarheid vir Agri NW-lede wat herstel het van Covid. | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | Die Presensielys word gesirkuleer vir ondertekening.<br>Verskonings is ontvang vir:<br>Mnr Louis Wessels — Jongboerverenigiging<br>Mnr Hendrik Reyneke — Landbou-Ontwikkelingskomitee / Agri Tlakgaming<br>Mnr Danie Reichel — GSA<br>Mnr Nico Kilian — Waarnemende Voorsitter: NWRPO<br>Mnr Jaco Maré — Agri Hartbeesfontein<br>Mnr Ferdie du Plessis — Agri Lichtenburg-Wes<br>Me Maryke Grobbelaar — Agri Molopo<br>Mnr Wikus Dreyer — Agri Mareetsane<br>Mnr Theo Rabe — NWK Beperk | | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE PUNT 15** | | |
| | Geen. | | |
| **7.** | **GOEDKEURING VAN DIE BESLUITELYS / NOTULE EN PRESENSIELYS VAN DIE VORIGE VERGADERING: 2021-060-22** | | |
| | Die Besluitelys / Notule word as gelese beskou, aangesien dit vooraf aan die Raadslede beskikbaar gestel is.<br>Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Jack Rossouw en gesekondeer deur mnr De Wet Marx goedgekeur. | | |
| **8.**<br>**8.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE BESLUITELYS / NOTULE**<br>**SAKE VIR ONMIDDELIKE BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |
| **8.2** | **SAKE VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |
| | **NUWE SAKE VIR BESPREKING** | | |
| **9.**<br>**9.1** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD:**<br>**Kontantvloeistatusverslag: 2021/22-Affiliasiegeldbetalings ontvang soos op 30 September 2021** | | |
| ➢ | KENNISNAME:<br>Die Kontantvleistatusverslag vir 2021/22 is beskikbaar gestel aan die Raadslede. Geen vrae is daaroor ontvang nie. Aanhangsels bl 10 tot 12. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Mnr Cobus van Zyl lewer verslag oor die Finansies en die ondergenoemde Besluite word geneem.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Die Platinum-ledetal het drasties afgeneem die afgelope twee jaar. Die vorige affiliasiegeldverhoging vir 2021/22 was slegs 4%. Affiliasiies word versoek om hul lede opwaarts aan te pas na veral Platinum-lede.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(2)** | **‘n Moontlike voorstel is om die persentasieverskil tussen die Lidmaatskapkategoriebedrae te verhoog vanaf 50% na 60%. Hierdie voorstel sal tydens die Dagbestuurvergadering bespreek word en terugvoering aan die Algemene Raad gegee word.** | **Dagbestuurverg** | **So spoedig moontlik.** |
| **(3)** | **Agri SA se Affiliasiegeld per lid wat jaarliks deur Affiliasies oorbetaal word is tans R492.42. Dit gaan ook drasties styg, maar geleidelik oor die volgende 3 of 4 jaar. Moontlike bedrag - R800 per lid. Hierdie stap is nodig want Agri SA se reserwe fondse van die gebou wat verkoop is, is uitgeput en hul benodig addisionele fondse om steeds al die dienste te lewer wat nodig is.** | **Agri SA-affiliasiegeld** | |
| **(4)** | **Agri NW-*Whatsapp*-groepe: Agri NW het verskeie *Whatsapp*-groepe waarop belangrike kommunikasie/inligting aan Affiliasies, asook individuele lede gestuur word. Affiliasies moet hulle lede aanmoedig om by hierdie *Whatsapp*-groepe in te skakel om sodoende op hoogte te bly van die dringende landbousake waarmee Agri SA en/en Agri NW besig is.** | **Affiliasies / Lede** | **Deurlopend.** |
| **(5)** | **Affiliasies moet hul lede aanmoedig om by hierdie Agri NW *Whatsapp*-groep(e) in te skakel.**<br>**<u>Die selfoonnommer van Agri NW wat op hul selfoon gestoor moet word is: 066 208 4880.</u>** | **Affiliasies / Lede** | **Deurlopend.** |
| **(6)** | **Affiliasies moet sorg dat hul lede se kontantbesonderhede soos selfoonnommers en E-posadresse aan Agri NW deurgegee word, indien daar veranderings is, sodat dit dienooreenkomstig op die *Whatsapp*-groepe verander kan word.** | **Affiliasies / Lede** | **Deurlopend.** |
| **9.2** | **Statusverslag vir 2021/22-Affiliasiegeldbetalings ontvang soos op 30 September 2021** | | |
| | <u>KENNISNAME</u>: | | |
| ▪ | Die 2020/21-Affiliasiegeldtabel is beskikbaar gestel aan die Raadslede. Aanhangsel bl 13. | | |
| ▪ | Dankie aan die Affiliasies wie se 2021/22-Affiliasiegeld ten volle opbetaal is. | | |
| ▪ | <u>Uitgawes:</u><br>Die maandelikse uitgawes word goed bestuur deur die Hoofkantoor.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Affiliasies ernstig dog dringend versoek word om hul uitstaande 2021/22-Affiliasiegelde so spoedig moontlik in te samel en oor te betaal. Affiliasies is en bly verantwoordelik vir** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | **die insameling daarvan. Indien die Affiliasies hulp nodig het met die insameling kontak Hoofkantoor.** | | |
| **(2)** | **Agri NW-Hoofkantoor en mnr Sarel Pretorius doen maandeliks telefoniese skakeling met die Affiliasies, wie se Affiliasiegelde uitstaande is. Indien die invordering nie na wense oorbetaal word nie moet die inligting aan mnr Cobus van Zyl deurgegee word vir sy optrede. Hierdie is 'n staande reëling wat maandeliks uitgevoer word.** | **Hoofkantoor<br>S Pretorius<br>C van Zyl** | **Deurlopend** |
| **9.3** | **Invordering van Uitstaande Affiliasiegelde van 2019/20 en 2020/21** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **<u>2019/20:</u>** | | |
| **(a)** | **Goedkeuring moet deur die Algemene Raad verkry word dat die uitstaande 2019/20-Affiliasiegelde van Agri Marico en Agri Schweizer afgeskryf kan word, aangesien geen gelde vir daardie tydperk verder ingesamel kon word deur die Affiliasies of Agri NW-Hoofkantoor nie.** | **Alg Raad** | **Febr 2022.** |
| **(2)** | **<u>2020/21:</u>** | | |
| **(a)** | **Die individuele lede van Agri Marico-Bosveld en Agri Schweizer wie se 2020/21-Affiliasiegelde uitstaande is gaan deur me W Potgieter geskakel word in Desember 2021, sodat daar gepoog word om die uitstaande 2020/21-Affiliasiegelde te help insamel.** | **W Potgieter** | **Des 2021.** |
| **(b)** | **Verslag sal tydens die Algemene Raadsvergadering in Februarie 2022 gelewer word, sodat daar 'n besluit geneem kan word oor hierdie twee Affiliasies se uitstaande Affilia-siegelde wat nie ingesamel en oorbetaal word aan Agri NW nie.** | **Alg Raad** | **Febr 2022.** |
| **10.<br>10.1** | **HOOFKANTOORBESTUUR<br>VOORLOPIGE AGRI NW-DATUMLYS: 2022** | | |
| | Die voorlopige 2022-Datumlys is reeds aan die Affiliasies beskikbaar gestel.<br>**<u>BESLUIT:</u>** | | |
| **(1)** | **Die finale 2022-Datumlys sal aan Affiiasies beskikbaar gestel word, sodra dit gefinaliseer is.** | **Hoofkantoor / Affiliasies** | |
| **11.<br>11.1** | **VERKIESING VAN AMPSDRAERS<br>FINANSIËLE- EN OUDIT- & RISIKOKOMITEE:** | | |
| | <u>Die ondergenoemde lede is herverkies vir 2022:</u><br>Mnr Sarel Pretorius — Komiteelid<br>Mnr Pieter Kleingeld — Komimteelid<br>Mnr Louis Wessels — Jongboerkomiteevoorsitter | | |
| **11.2** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEEVOORSITTERS EN -VERTEENWOORDIGERS** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | <u>Die ondergenoemde Voorsitters van die onderskeie Komitees word herverkies vir 2022:</u><br>Arbeid en Maatskaplike Komitee<br>Voorsitter: Me An-Mari Basson<br>Kommunikasie en Beeldboukomitee<br>Voorsitter: Mnr Willem De Chavonnes Vrugt<br>Kommersiële Komitee<br>Voorsitter: Mnr Nicol Muller<br>Landbou-Ontwikkelingskomitee<br>Voorsitter: Mnr Hendrik Reyneke<br>Landelike Veiligheidskomitee<br>Voorsitter: Mnr Sarel Pretorius<br>Natuurlike Hulpbronnekomitee<br>Voorsitter: Mnr Daan van der Merwe<br>Die verkiesing van die ondereskeie Voorsitters word op voorstel/goedkeuring van mnr Cobus van Zyl goedgekeur. | | |
| **12.**<br>**12.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**ARBEID- & MAATSKAPLIK** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | ‘n Arbeid Zoom Werkswinkel gaan aangebied word oor Arbeidswetgewing en bestuur, Bewonersooreenkomste en die Vergoedingskommissaris. Die datum sal aan die Affiliasies deurgegee word. | | |
| (2) | Sprekers wat gaan optree: Mnr Christo Bester van die LWO<br>Mnr HJ Moolman, Prokureur | | |
| (3) | Die besonderhede en die Link van die Zoom-vergadering vir die Werkswinkel sal aan Affiliasies deurgestuur word. | Hoofkantoor / Affiliasies | |
| (4) | Bewonersooreenkomste is deur mnr HJ Moolman opgestel en is beskikbaar by die Hoofkantoor by me Potgieter op aanvraag. | Hoofkantoor | Deurlopend. |
| **12.2**<br>**12.2.1** | **KOMMUNIKASIE**<br>**PLAASLIKE REGERING** | | |
| | Mnr Du Toit gee kortliks terugvoering in hierdie verband. | | |
| **12.2.2** | **VERVOER** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Agri NW se Padprobleemaanmeldingsvorm kan by me Botha aangevra word per E-pos.** | **Hoofkantoor** | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (2)<br><br>(3) | **Affiliasies word versoek om hul lede aan te moedig om Padprobleemaanmeldingsvorms te voltooi en aan Hoofkantoor te stuur van die paaie waar daar probleme ondervind word.**<br>**Die opvolg daarvan is ook belangrik om die vordering te monitor by die Departement.** | **Hoofkantoor / Lede** | **Deurlopend.** |
| **12.2.3** | **ELEKTRISITEIT - ESKOM** | | |
| <br><br><br>(1)<br><br>(2)<br><br><br>(3) | Agri NW het gereelde en deurlopende skakeling met die Provinsiale Strukture, asook met mnr Morne Wegeman en ander personeel van Eskom.<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>**Affiliasies word versoek om Elektrisiteitsprobleme aan die Hoofkantoor te rapporteer deur middel van die Klantenavraagvorm.**<br>**Probleme wat met Rekenings ondervind word moet aan die Hoofkantoor deurgegee word, sodat daar aandag daaraan gegee kan word. Verwysingsnommers is uiters belangrik vir opvolgaksies en moet verkry word as probleem aangemeld word.**<br>**Vir enige navrae skakel met Boeta du Toit by 082 388 1722 of Naude Pienaar by 082 776 8283.** | <br><br><br>**Affiliasies**<br><br>**Affiliasies / Lede** | <br><br><br>**Deurlopend.** |
| **12.3** | **LANDELIKE VEILIGHEID** | | |
| <br>(1)<br><br><br>(2)<br><br><br>(3)<br><br><br>(4)<br><br><br>(5) | **<u>BESLUITE:</u>**<br>**Klagtes moet deur lede ingedien word per individu as hulle jou grond onwettig betree. Betreding is die begin van beplande misdade. Die Polisie is traag en wil nie altyd optree nie. Gee die gebeure / sake ook deur aan die Hoofkantoor.**<br>**Affiliasies moet hul lede aanmoedig om alle sake aan te meld soos betreding van grond, veediefstal, ensovoorts.**<br><br>**Veiligheid is in vandag uiters belangrik op elke lid se plaas. Lede moet op hoogte wees van veiligheidsmaatreëls en rekordhouding is uiters belangrik om sake te kan opvolg met ‘n papierspoor.**<br>**Vir enige navrae of veiligheidsaangeleenthede wat in u gebied / gemeenskap plaasvind, skakel onverpoos met mnre Sarel Pretorius, Boeta du Toit of Naude Pienaar, sodat die nodige aksies geneem kan word.**<br>**Affiliasies wat nog nie ingeskakel is by Agri NW se Virtuele Inligtingsentrums nie word dringend versoek om met mnr Sarel Pretorius te skakel.** | <br>**Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers**<br>**Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers**<br>**Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers**<br>**Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers**<br>**Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **12.4** | **LANDBOU-ONTWIKKELING** | | |
| | Mnr Du Toit rapporteer aan die vergadering vir KENNISNAME: | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| <br>▪<br><br>▪<br>▪<br><br><br>▪<br><br><br>▪ | Onteiening sonder vergoeding:<br>Hierdie saak is al vir 3 jaar aan die gang en geniet nog steeds ernstige aandag.<br>Hantering van Restitusie-eise:<br>Mnre Boeta du Toit en Naude Pienaar het goeie ervaring van Restitusie-eise.<br>Affiliasies en/of lede word versoek om met Agri NW se Hoofkantoor in verbinding te tree, indien hul bewus is van enige Restitusie-eise in enige gebied in die Noordwes Provinsie, sodat hulle daarmee behulpsaam kan wees.<br>Mnr HJ Moolman is die Prokureur wat tans deur Agri NW gebruik word vir die hantering van die Matlaba-Grondeisers se saak om voort te gaan om die Restitusie-eis teen te staan.<br>Agri SA-Transformasiebeleid:<br>Die finale konsep van die hersiene Holistiese Plan is aan die Kongres voorgelê en goedgekeur. Die Plan is ook na Afrikaans vertaal. | | |
| **12.5** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| <br><br>▪<br><br><br>**(1)** | KENNISNAME:<br>Wateregebruikersverenigings:<br>Alle watergebruikers moet aan Watergebruikeresverenigings behoort.<br>Kwêlea:<br>**BESLUIT:**<br>**Mnr Andre Strydom moet met mnr Boeta du Toit skakel oor die probleem in die Mooirivier by Ventersdorp.** | **A Strydom** | **So gou moontlik.** |
| **13.**<br>**13.1** | **AGRI SA- / AGRI NW-KONGRESSE**<br>**AGRI NW-KONGRES** | | |
| ▪<br>▪<br><br>▪<br>▪<br><br><br><br><br>**(1)** | Die Tema van die Webinaar was: "Agri NW die baken van hoop!"<br>Agri NW se personeel word gelukgewens met die briljante aanbieding van die Kongres Webinaar, wat aangebied was. Dit was kort en kragtig.<br>Al die Affiliasies was uitgenooi om in te skakel by die Webinaar, maar dit is swak bygewoon.<br>'n *Survey* is uitgestuur aan Affiliasies / lede: Die betrokkenheid van lede op grondvlak blyk 'n groot probleem te wees. Dit blyk dat lede lid wil wees, maar nie bereid is om betrokke te wees by die Affiliasies se funksionering nie. Die persentasie van die funksionering van Affiliasies het gedaal.<br>**BESLUITE:**<br>**Affiliasies moet die Dagbestuurslede nooi om hul vergaderings by te woon vir enige vraagstukke wat 'n probleem is.** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **13.2** | **AGRI SA-KONGRES** | | |
| ▪ | Die Tema was: "Oorleef en Floreer". | | |
| **14.** | **BEDRYFSORGANISASIES** | | |
| **14.1** | **NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | Mnr P du Toit lewer verslag:<br>Veilingskrale: | | |
| ▪ | Veilingshuise / Abattoirs moet versoek word om aan die kwalifiserende vereistes te voldoen wat deur APAC gestel is. | | |
| ▪ | Veilings moet voortgaan en groei. | | |
| ▪ | Veilingshuise / Abattoirs Versoek word om die Vrywillige Heffings van 0,15% by alle kopers af te trek en aan die NWRPO oor te betaal. Die wat dit nie wil laat doen nie moet vooraf met die Veilingshuise reëlings daarvoor tref. | | |
| **14.2** | **GSA** | | |
| ▪ | Dr Pieter Taljaard is aangestel as Uitvoerende Hoofbestuurder. | | |
| ▪ | Daar is 'n nuwe heffing ingestel vir 1 jaar as gevolg van die nie-generering van inkomstes vanaf die aanbieding van Nampo Oesdag nie. | | |
| **10.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 22 Februarie 2022. Kennis sal aan lede gegee word. | | |
| **11.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank die Raadslede vir hul deelname en waardevolle insette tydens vergadering. 'n Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **12.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Die vergadering verdaag om 13:30. | | |

………………………………………………… ………………………………… …………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**